# **GETUIENIS**BEDIENING

NG MOEDERGEMEENTE MOSSELBAAI

## GELOOF IN AKSIE FEBRUARIE 2026

*Ons geloofsoffers aan die werk*

15 **'Jesus het vir hulle gesê: "Gaan na die hele wêreld en bring die goeie boodskap vir al die mense.'** Markus 16:15 Bybel vir almal

20 **'Sy dissipels het oral die goeie boodskap gebring. Die Here het met hulle saamgewerk sodat hulle wonderwerke kon doen. So het God bewys dat die goeie boodskap waar is.'** Markus 16:20 Bybel vir almal

***Mag dit waar wees van ons gemeente.***

Ons geloofsoffer word aangewend vir die volgende sendingprojekte:
**MOSSELBAAI**
**<u>Bybelverspreiding</u>**: "En hoe kan hulle in iemand glo van wie hulle nie gehoor het nie?" (Rom.10) Al die geld wat ons **met spesiale deurkollektes en met Manna-Munte** insamel, word hiervoor aangewend. Munte-botteltjies is by al die deure en by die kerkkantoor beskikbaar (neem een en maak vol; bring terug en neem weer 'n leë…) Bybels vir 'n verdienstelike saak is by die kerkkantoor beskikbaar. Twee maal per jaar word **uitreike na taxi's** gereël. Hierdie uitreike staan onder leiding van Ds Hennie en Mareta Lombard. Kom saam op die volgende Bybeluitreik en ervaar eerstehands die vreugde van sommige volwassenes wat 'n Bybel ontvang; dis hartverwarmend! Vir die **<u>Taxi-bediening</u>** begroot ons 2 maal per jaar R2 000 om Bybels vir die uitreik aan te koop. Ons het ook die afgelope jaar 18 Bybels geskenk vir die VGK wat hul vir Belydenisaflegging gebruik het. Daar was die afgelope jaar R9 613 bestee aan Bybel aankope.

**<u>Moss-Liefde</u>** is 'n uitreik oor ons gemeentegrense. Ons bedien die koshuiskinders van die Sao Bras hoërskool met naaldwerkklasse, Bybelstudie, kuns en die totstandkoming en onderhouding van 'n groentetuin. By Sonskynvallei se dagsorgsentrum lees ons vir die kleuters 1x per week stories. Vir hierdie projekte begroot ons R300 per maand. Kontak Lizl du Pisanie vir meer inligting 072327 6562

**<u>Love Chinese:</u>** Reeds sedert 2017 druk die Here die verlorenheid van die Chinese in ons omgewing op die harte van 'n paar lidmate. Aktiewe uitreike na hulle het tot nou toe min belangstelling in die evangelie van Jesus Christus opgelewer. En tog: o.l.v. 'n sendeling wat baie lank in China werksaam was (Mandaryns magtig is!) en hom tans in Stilbaai bevind, vind daar weekliks 'n Bybelklas plaas. Intussen word daar steeds by geleentheid na die ander Chinese uitgereik, al is dit net met 'n eetdingetjie. Ons begroot R2,500 per maand vir hierdie projek wat hoofsaaklik Etienne Basson (sendeling) se brandstofkoste dek. Kontak Mareta Lombard vir meer inligting 081 270 1097
Die **<u>Nagskuiling</u> (Haven Shelter)** word maandeliks finansieel met R4 000 ondersteun.

**<u>Arbeidsbediening</u>: Pierrié Lamprecht** is al jare lank die hoof van hierdie bediening in die wyer Mosselbaaigebied. Saam met 'n werkersgroep uit verskillende dominasies bedien hulle werkers by hul werksplek. Van ons lidmate is ook aktief hierby betrokke. ('n Honorarium aan **Pierrié Lamprecht en Griet Boshoff)**, gesamentlik R5 700/maand)

**MAKHATINI**

Die **Makhathini-vlakte** huisves 'n goedgevestigde gemeente in die noorde van KZN. Lucky Kunene, 'n gemeentekind is die leraar. Hierdie gemeente is 'n duidelike bewys van God se deurlopende werksaamheid! Ons ondersteuning: R500 per maand.

**MOSAMBIEK**

**Israel Domingo.** "Our congregation, the Chimoio Congregation, is located in the small city of Chimoio, about 80 km to the border with Zimbabwe. It's a new congregation, and we are busy expanding our activities within and around the city, especially in the neighbourhoods. Our goal is to reach the borders of other congregations from Sofala and Tete provinces." Israel ontvang maandeliks R4 500. Kontak Herman van Huyssteen vir meer inligting 083 393 3760

**Zambië - Petri en Waldo Kleyn** is gekoppel aan die Hope Church (George) se "The Zambia Project" wat gerig is op die Kwamashi, in Wes-Zambië. Hulle visie is "We Serve So Others May Live" en 1 Petr. 4:10 is hul motivering. Van hul projekte vir 2025 sluit in: Voedingsprogramme vir skoolkinders, versorging van kleintjies met spesiale behoeftes asook kinders wat ondervoed is. Daarmee saam: 'n dissipelskapsentrum vir kinders, en sportafrigting. Begroting vir Petri: R4 000 per maand.

**Suid-Soedan - Dr Kobus van Zyl** het 'n **gebedsbediening** hier in Suid-Afrika, maar hy is ook al 20+ jaar betrokke by die opleiding van teologiese studente in **Suid-Soedan.** Ons gemeente is sedert 2005 in vennootskap met 2 ander gemeentes wat vir Kobus se basiese uitgawes sorg; vanjaar beloop dit R 9766. Ons het ook R28 000 vir vliegkaartjies na Suid-Soedan voorsien

**Libie - Jacobus van Zyl** het 'n duidelike roepstem ontvang om die Siriese vlugtelingkinders in die Bekaa-vallei in Libanon te bedien. Hy is tans voltyds in Libanon onder voogskap van **dia-Logos.** Jacobus is die seun van Dr Kobus van Zyl. Ons bydrae is R4 500 per maand. Ons het ook R12 000 vir vliegkaartjie na Libanon voorsien. Kontak Herman van Huyssteen vir meer inligting 083 393 3760

**Europa en wêreldwyd - Ina Steyn** werk in Europa. Deur YWAM gee sy 'n paar keer per jaar klas in verskeie Europese lande, maar haar hooffokus het verlede jaar verskuif na geestelike begeleiding met gelowiges wêreldwyd. Ons is sedert 1998 by Ina betrokke en ondersteun haar met R6 500 per maand. Sy hanteer ook die jaar ons Sendingsondag.

**Pakistan - Paul en Toni Ferreira** is sedert 2018 een van ons sendelinge. Vir Paul begroot ons vanjaar R5 000 per maand. Kontak Herman van Huyssteen vir meer inligting 083 393 3760

**Macedonië - Danie en Esther van Niekerk** Ons ondersteun met R4 000 per maand tot Februarie 2026. Danie en Esther het teruggekeer na Suid Afrika.

**Malawi – Dzaleka Vlugtelingskamp** Ons wil graag hier begin ondersteun waar daar tans 60 000 vlugtelinge woon om 'n nuwe kliniek te help op die been te bring. **BID ASB** hiervoor. Kontak Herman van Huyssteen vir meer inligting 083 393 3760

**Sendingrekening**: **GO NG Kerk Mosselbaai ABSA spaar 9305467263 takkode 632005**